**Menaion April 11-20 Tesame PDF**

**Menaion April 11 Die Heilige Hiëromartelaar Antipas, Biskop van Pergamum.**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Toon 2 (Ὅτε, ἐκ τοῦ ξύλου σε νεκρὸν)

Ná jy die genadegawe van die kennis van Christus oorvloedig geput het
uit die onuitputlike bron van die heilige Herout
wat teen sy bors aangeleun het, o Heilige Hiërarg,
het jy, terwyl jy jou apostelgelyke weg voltooi het,
dit ryklik met alle mense gedeel.
Daar jy saam met hom vrymoedigheid by God het,
bid daarom vir almal wat jou loof.

Ná jy 'n eervolle lewe voltooi
en die rykdom van deugde versamel het,
het jy soos Abraham vantevore, o Heilige Antipas,
deur jou stryd met die goeie vervul, na die Here heengegaan.
Daarom is jy die voortrefliker heerlikheid waardig geag,
verheug jy jou saam met Christus se ingewydes
en bid jy vir ons wat jou stryd getrou vereer.

Daar jy uit die oorvloedige gawes van die Trooster
oor die genadegawe van genesing beskik, o Antipas,
besoek en genees die lyding van ons liggame en siele,
bring die smarte tot bedaring en beëindig alle pyne
en verlos almal van moeilikhede en gevare
wat jou gedagtenis eer en die Here verheerlik.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 2 (Ὅτε, ἐκ τοῦ ξύλου σε νεκρὸν)

O Maagd wat deur God begenadig is,
u het die deernis van medelye,
u het die dieptes van goedhartigheid.
Verberg daardeur my sondes
en was al die smet weg wat deur my nalatigheid oor my gekom het,
sodat ek, verlos van allerlei kwaad, o Meesteres,
u heilige naam tot in ewigheid mag verheerlik.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 2 (Ὅτε, ἐκ τοῦ ξύλου σε νεκρὸν)

Toe U soos 'n onskuldige lam aan 'n Kruis vasgeslaan is, o Heiland,
en u sy deurboor is,
het die son verduister, die aarde gebewe en is die rotse gesplyt
en het die tempel se heilige voorhangsel uit vrees vir U geskeur.

Daarom het die Moeder wat U gebaar het,
haar met geweekla op die bors geslaan en uitgeroep:
“Eer aan u onsegbare goedhartigheid.”

Apolitikion van die Hiëromartelaar Antipas – Toon 1 (Τοῦ λίθου σφραγισθέντος)

Laat ons, die gelowiges, Antipas,
die heilige Mirrestromende en medestryder van Martelare,
die al-befaamde Hiërarg en Voorganger van Pergamum, eer,
as baie snelle en grote arts van aaklige gebitskwale
en laat ons uit ons siele tot hom roep:
Eer aan Christus wat jou verheerlik het,
eer aan Hom wat jou bekrans het,
eer aan Hom wat deur jou genesinge vir almal bewerk.

**April 11- Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 3 (Θείας πίστεως)

Deur die heilige kole van die liefde vir God aangesteek,
o Martelaar Antipas,
het jy die vlam van goddeloosheid geblus,
en toe jy in die gloeiende bronswerk gewerp is,
het jy na die aandlose lig heengegaan.
O heilige Vader, smeek Christus ons God
dat hy ons sy groot barmhartigheid sal skenk.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 3 (Θείας πίστεως)

O Maagdelike Moeder en Meesteres,
u is as troos van verdruktes en versoening van sondaars bewys,
want daar u die verlossing van sterwelinge gebaar het,
het u alleen 'n toring van sterkte vir gelowiges geword.
Daarom roep ons uit:
Smeek Christus ons God
om ons sy groot barmhartigheid te skenk.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 3 (Θείας πίστεως)

Toe U gekruisig is, het die aarde geskud,
toe U gesterwe het, is die lig verberg
en is die dooies van hul bande losgemaak,
maar u al-onbevlekte Moeder, o Meester,
het bitter geween en gesê:
"My allerdierbare Kind, ek besing u groot barmhartigheid,
want U het hierdie dinge gely om sterwelinge te red."

Kontakion – Toon 8 (Τῇ ὑπερμάχῳ)

Laat ons tereg met gesange
die Hiërarg en befaamde grootmartelaar Antipas loof,
die alvoortreflike beskermer van Pergamum,
daar hy hulle wat aan gebitsprobleme ly, genees,
wanneer hulle met liefde uitroep:
Verheug u, driemaal salige Vader.

Sinaksarion

Op die 11de van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Hiëromartelaar Antipas, Biskop van Pergamum.

Verse. O edele Martelaar Antipas, jy stoei met ’n bul
wat jou kan verbrand, maar nie kan gaffel nie.

Op die 11de is jy in ’n brons bul gewerp en verbrand, o Antipas.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Trifena van Cyzikus

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Farmoethios

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus ons God, ontferm U oor ons. Amen

Die res van die Mettediens en die Wegsending.

**Menaion April 12 Ons Vader onder die Heiliges Basilios, Biskop van Parium**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere vir die Hiërarg - Toon 4 (Ἔδωκας σημείωσιν)

Jou gedagtenis wat helderder as die son skyn,
het oor die gelowiges opgegaan,
die skepping met Goddelike vuurseine verlig,
o salige Basilios,
en die newel van die hartstogte en duisternis van die demone verdryf.
Daarom noem ons jou salig
en vier ons elke jaar jou heilige ontslaping,
terwyl ons die Heiland verheerlik.

Deur die pyl van jou woorde, o Allersalige,
het jy die rangordes van wetteloses verwond.
Daarom het die wolke van die hemele die stem laat hoor
en die kore van Liggaamloses met vreugde die hande geklap
oor jou standvastigheid tydens jou worstelinge.
Daarom is ons trots op jou
en eer ons jou met geloof saam met hulle
as ligbaken vir die hele wêreld
en baie vurige voorbidder.

Daar jy verstandig wat op aarde is, vir die hemelse verwissel het,
die vervlietende vir die onveranderlike,
het jy ook die verganklike vir die onverganklike heerlikheid verruil,
en in plaas van ballingskap en velerlei versoekinge
die paleise van God wat woorde te bowe gaan, bekom.
Terwyl jy saam met die Liggaamloses daarin vreugde skep, o Basilios,
smeek ten behoewe van almal wat jou met geloof lof betuig.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ἔδωκας σημείωσιν)

Daar u die kool gebaar het,
wat Jesája vantevore gesien
en in vrees met ’n tang ontvang het,
naamlik Hy wat in die laaste tye uit u, o Theotokos,
in die vlees verskyn
en al die hartstogte van sterwelinge gereinig het,
verbrand deur die vuur van die Godheid
al my sondes, o Bruid van God,
en reinig my van alle smet.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdaggaande)

Toon 4 (Ἔδωκας σημείωσιν)

Toe die alreine Meesteres Christus sterwend sien,
waar Hy die bedrieër dood,
het sy Hom as Meester beween
wat uit haar lendene voortgekom het.
Sy het haar oor sy lankmoedigheid verwonder en uitgeroep:
"My allergeliefde Kind, vergeet nie u diensmaagd nie,
rek nie my neerslagtigheid uit nie, o Mensliewende."

Apolitikion van die Hiërarg Toon 4 (Κανόνα πίστεως)

Die waarheid van jou dade
het jou aan jou kudde geopenbaar as 'n reël van geloof,
'n beeld van sagmoedigheid en 'n leermeester van selfbeheersing.
Daarom het jy die hoogtes deur nederigheid bereik,
rykdom deur armoede.
O vader en hiërarg Basilios,
doen voorbidding by Christus God,
dat ons siele gered mag word.

**April 12 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 1 (Tòν τάφον σου Σωτὴρ)

Jou heilige gedagtenis het soos die son oor ons opgegaan;
dit verlig die skepping, o wyse Basilios,
en maak dit stralend met jou wonders.
Vandag vier ons dit en roep ons uit:
Smeek Christus namens ons, o Hiërarg,
dat ons gered mag word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 1 (Tòν τάφον σου Σωτὴρ)

Die menigte gelowiges, o Theotokos,
roep daagliks u naam aan
en verheerlik altyd met liefde u verhewendhede,
want u is die roem, hulp en onbeskaamde beskermster
van almal wat u, o Maagd, met geloof vereer.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 1 (Tòν τάφον σου Σωτὴρ)

Die ligbrengende lamp van die son is verberg,
toe U, o Woord, die Kruishout bestyg het.
Heel die skepping het gesidder en uit vrees gebewe,
en u Moeder het daarby gestaan en uitgeroep:
“My allergeliefde Kind,
my lig wat nie ondergaan nie,
hoe sterf U uit vrye wil?”

Sinaksarion

Op die 12de van vandeesmaand, die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Basilios, Biskop van Parium, die Belyer.

Verse. Sterf met vreugde, o drie maal-salige Basilios,
want waar jy heengaan, sal jy met groot vreugde vervul word.

Op die 12de, Basilios, het jy as dooie in die graf gedaal.

Op dieselfde dag in die jaar 942 is die eerbiedwaardige gordel van ons Hoogheilige Meesteres die Theotokos tydens die bewind van Konstantyn en Romanos Porfirogenniti vanaf die bisdom van Zila na die koningin van stede gebring. Daarna is dit op die 31ste Augustus na die heilige kis van Chalkoprateia verplaas.

Op dieselfde dag, die Gedagtenis aan ons Heilige Moeder Anthousa, dogter van Keiser Konstantyn die vyfde.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Demes en Protion.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die drie Heilige Martelare Menas, Dawid en Johannes.

Deur hul heilige gebede, o Christus God, ontferm U oor ons.

**Menaion April 13 Ons Vader onder Heiliges Martinus, Pous van Rome, en die Biskoppe wat saam met hom was**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Toon 8 (Tì ὑμᾶς καλέσωμεν)

Hoe moet ek jou nou aanspreek, o Martinus?
Al-beroemde leermeester van Ortodokse leringe,
waarlik heilige voorganger in die heilige dogmas,
allernoukeurige aanklaer van die leuen,
dapperste woordvoerder van die Woord,
allerheiligste bedienaar en eerbiedwaardigste wonderdoener.
Bid dat ons siele gered mag word.

Wat moet ek jou nou noem, o Martinus?
Rivier wat altyd vol geestelike water is,
wat siele natlei om geestelike vrug te dra,
noëtiese lampstaander wat die lig van reggelowigheid uitstraal,
berg wat geestelike jubeling drup,
uitlêer van Goddelike woorde en weerlegger van alle ketterye.
Smeek dat ons siele gered mag word.

Hoe moet ons jou nou aanspreek, o Martinus?
Alreggelowige bedienaar van die ware tabernakel
wat op ’n Godpassende wyse tussen God en skepsel bemiddel,
mengbak wat die Goddelike drank laat opwel,
ligbaken wat die woord van die lewe bied,
wat in die Weste opgegaan en in die Ooste geskyn het.
Smeek dat ons siele gered mag word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion - Toon 8 (Tì ὑμᾶς καλέσωμεν)

Wat is die mees wonderbare van u seëninge?
U genees almal, o Jonkvrou, en u verlos hulle van hartstogte.
U verdryf die vyande se wettelose aanvalle,
bevry hulle wat u vereer van gevare
en laat verdrukkinge ophou, o Bruid van God.
Wees u die skenker van selfs groter vreugde aan u dienaars, o Maagd,
deur te bid dat ons siele gered mag word.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 8 (Tì ὑμᾶς καλέσωμεν)

“Wat is hierdie vreeswekkende gesig?”
het die Maagd moederlik tot die Heer uitgeroep.
“Die skerp barensweë wat ek nie geken het, toe ek U gebaar het nie,
tref my hart, o my Seun.

Ek kan dit nie verduur om U, die lig van my oë,
aan ’n Kruis vasgeslaan te sien nie.
Haas U dan, staan op en verheerlik u ontsagwekkende heilsbestel.”

## Apolitikion – Toon 4

O God van ons vaders
wat altyd met ons handel volgens u sagmoedigheid,
neem u barmhartigheid nie van ons weg nie,
maar rig ons lewe in vrede,
ter wille van húlle gebede.

**April 13 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 8 (Tὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Van kleins af aan God toegewy,
het jy geestelik in deugde toegeneem
en is jy waardig geag om ’n opvolger van die Apostels te word,
het jy die Here se kudde in die Ortodoksie versorg
en die slagordes van die ketters verdryf, o al-loflike.
Daarom is jy uiteindelik as onoorwonne stryder met ’n Martelaarskroon gekroon,
o beroemde Martinus deur God geïnspireer.
Bid tot Christus ons God
dat Hy vergewing van oortredinge sal skenk
aan hulle wat jou heilige gedagtenis met liefde vier.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 8 (Tὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Deur my bose gedagtes het ek gestruikel
en is ek na die diepte van sondes meegevoer.
En kreunend roep ek van harte tot u, o Al-onbevlekte:
“Maak u ryke barmhartigheid wonderbaar in my,
asook die eindelose see van u goedhartigheid
en die onmeetlike rykdom van u medelye.
En gee my bekering en vergewing van oortredinge,
sodat ek altyd tot u mag uitroep:
Bid tot u Seun en God
dat vergewing van oortredinge my geskenk mag word,
want ek, u onwaardige dienaar, het u as my hoop.”

Of die Kruistheotokion (op Wonesdag- en Vrydagoggende)

Toon 8 (Tὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Toe die Ooilam die Lam, Herder en Verlosser sien,
waar Hy wederregtelik aan ’n Kruis verhef was,
het sy weeklaend uitgeroep:
“Wee my, allergeliefde Kind!
Wee my, allerdierbare Seun!
Hoe sal ek dit verduur, o Woord,
om ’n vreeswekkende gesig te aanskou?
Ek word in my binneste getref, ek word in my hart verwond
en ek is nie in staat om u onregverdige doding te verduur nie.
Maar haas U wat van nature lankmoedig is,
staan spoedig op en vervul u belofte,
sodat U my wat U gebaar het, kan verheerlik, o my Seun.”

Sinaksarion

Op die 13de van vandeesmaand, die Gedagtenis aan ons Vader onder die Heiliges, Martinus, Pous van Rome, die Belyer.

Verse. Martinus wat u vlees met vreugde geëet het,
het sy vlees met vreugde afgelê, o Verlosser.

Op die 13de het die welbekende Martinus gesterf.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Maximus, Quintilianus en Dadas.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Eleftherios die Persiër.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Zoïlus.

Deur hul heilige gebede, o Christus God, ontferm U oor ons.

**Menaion April 14 Die Heilige Apostels uit die 70 Aristarchus, Pudens en Trofimus.**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

Deur die woord van Goddelike wysheid, o alwyse Apostels,
het julle volkere geheel en al van onkunde verlos
en hul as gereddes na die Woord gebring
wat uit die ongeskape Vader voort gestraal het.
Bid tot Hom dat ons siele vrede
en groot barmhartigheid geskenk mag word.

Laat ons Pudens, die wyse Aristarchus en die Heilige Trofimus,
die ware heroute van Christus, loof.
Want met die warmte van Goddelike genade
het hulle met die winter van dwaling weggedoen,
en nou het hulle by die nimmer-tanende lig gaan woon
wat hulle as beloning vir hulle arbeid ge-oes het,
en is hul deur onsegbare deelname vergoddelik.

In navolging van jul beroemde leermeester Paulus, o Glorierykes,
het julle baie gevare verduur,
is julle in die gevangenis toegesluit en het julle moeite beleef,
en het julle aan die einde as martelare gestry
toe julle deur die swaard onthoof is.
Bid tot Christus dat ons siele vrede
en groot barmhartigheid geskenk mag word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

O ruime land van God, wyer as die hemele,
verruim my wat deur die hartstogte klein gemaak
en deur die aanvalle van versoekinge benou is,
vergroot my wat in die engtes verkeer
en bring die dinge wat daagliks met my gebeur, tot kalmte
deur die koel bries van u gebede, o Al-onskuldige.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

“’n Swaard het my hart deurboor, o my Seun”, het die Maagd gesê
toe sy Christus aan die boom sien hang,
“en dit skeur my, soos Simeon destyds aan my voorspel het.
Maar staan op, o Onsterflike,
en verheerlik u Moeder en diensmaagd saam met U, bid ek U.”

## Apolitikion van die Apostels – Toon 3

O Heilige Apostels,
bid tot die barmhartige God
dat Hy ons siele vergewing van oortredinge sal skenk.

**April 14 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 4 (Ἐπεφάνης σήμερον)

Daar julle lote van die lewedraende wingerdstok is,
het julle druiwetrosse gedra
wat vir ons die wyn van die lewe laat drup,
o ingewydes van die hemel
en Apostels van die Heer.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ἐπεφάνης σήμερον)

Reinig deur u voorbidding,
o onbevlekte, goeie Moeder van God,
my siel wat deur die hartstogte van die sonde besmeer is.
Want u is die verlossende reiniging.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ἐπεφάνης σήμερον)

Toe die onskuldige Ooilam en reine Moeder
die Lam aan ’n Kruishout vasgeslaan sien,
het sy luid uitgeroep:
“O Woord, ek besing u Goddelike lyding.”

Sinaksarion

Op die 14de van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Apostels uit die Sewentig, Aristarchus, Pudens en Trofimus.

Verse. Ek eer Aristarchus as held,
want hy was tot die swaard toe heldhaftig.

Waarheen het jy weggegaan, toe jy onthoof is, o Pudens?
Waar anders het ek weggegaan, as na onverganklike roem?

Daar Trofimus baie na die genot van die hemel verlang het,
is hy as voer na die skerpgemaakte swaard meegevoer.

Op die 14de het die dissipels heengegaan.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Ardalion, die Akteur.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelares Thomaïs.

Deur die gebede van u Heiliges, o God, ontferm U oor ons. Amen.

**Menaion April 15 Die Heilige Martelaar Crescens**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

By “Heer ek het U aangeroep…” sing ons die volgende stigiere:

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Pynlike beproewinge, listige strikke en verskriklike worstelinge
het jy edelmoedig tegemoetgegaan, alwyse Crescens,
sonder om die vlees te spaar,
maar gewillig om te sterwe
vanweë die liefde wat van God af kom.
Daarom noem die hele Kerk van Christus jou salig,
waar dit jou gedagtenis vier, o al-glorieryke Grootmartelaar.

Hoewel jy wreed met hake gekrap is,
jou ribbes gebreek is
en jy deur ’n menigte géselinge uitgeput is,
het jy nie die eerwaardige naam van Christus verloën nie,
o sieraad van Oorwinnaars en waardigheid van die Kerk.
Daarom eer ons jou met lof,
vier ons jou heilige gedagtenis
en vereer ons jou relieke.

O albesonge, alwyse Crescens,
op heilige wyse brandend met liefde vir die Skepper,
het jy in die vuur gestaan sonder om verbrand te word,
en jou salige gees in die hande van God neergelê.
Daarom het jy oorwinningskranse ontvang
en bid jy dat hulle wat jou met liefde eer,
versoening van hul sondes mag ontvang.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

As ongeskonde, reine en al-onskuldige Moeder van God,
weergaloos in alle heiligheid,
verstoot my die skuldbelade en onreine nie,
die uitvinder van elke wettelose skandelikheid en aaklige onderneming;
laat my nie toe om heeltemal ten gronde te gaan nie,
maar bevry my van die hartstogte
en red my waar ek my bekeer.

Of die Kruistheotokion (Op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 4 (Ὡς γενναῖον ἐν Μάρτυσιν)

Toe die Maagd, u Moeder, U aan die Kruis sien hang, o Heer,
was sy verbaas en het sy na U gestaar en gesê:

“Hoe het hulle wat u vele gawes geniet het, U vergeld, o Meester?
Maar ek vra U: Laat my nie alleen in die wêreld agter nie,
maar haas U om op te staan,
en wek die voorvaders saam met U op.”

Apolitikion – Toon 4 (Ὁ μάρτυς σου Κύριε ἐν τῇ ἀθλήσει αὐτοῦ)

U martelaar, o Here, het deur sy worstelstryd
’n kroon van onsterflikheid van U, ons God, verwerf,
want met u krag het hy die tiranne onttroon
en die kragtelose vermetelheid van demone verbreek.
Red ons siele, o Christus God, deur sy smekinge.

**April 15 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Daar jy vanweë jou reggelowige martelaarsgetuienis
as erfgenaam van die ewige goeie dinge geopenbaar is,
o glorieryke Grootmartelaar,
staan jy stralend met heerlikheid by die Meester van almal.
Daarom vier ons jou heilige gedagtenis
en strewe ons daarna, o stryder Crescens,
om deur jou gebede vergewing van ons oortredinge te ontvang.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Ons die onwaardiges sal nooit nalaat
om u groot dade te vertel nie, o Theotokos;
want het u ons nie beskerm deur u gebede nie,
wie sou ons uit soveel gevare gered het?
Wie sou ons tot nou toe nog in vryheid bewaar het?
O Meesteres, mag ons nie weggaan van u nie,
want u red u dienaars altyd uit allerlei gevare.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

“Ek kan dit nie verduur om U wat ek bo die natuur as Seun en God gebaar het,
aan die Kruis uitgestrek te sien nie,”
het u Moeder uitgeroep, o Koning van almal.
“Want ek ken u mensliewendheid,
ek weet dat u ter wille van die verlossing van sterwelinge ly.
Maar ek kan inderdaad nie my moederlike smarte verduur,
wanneer ek U aan die Kruis sien nie, my Kind.”

Sinaksarion

Op die 15de van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Crescens van Mira in Likië.

Verse. Verstommend is dit om Crescens in die vuur te sien,
daar hy die vlam as aangename weiveld beskou.

Op die 15de het Crescens in ’n hewige vuur gesterf.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaresse, Basilissa en Anastasía.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Vader onder die Heiliges, Leonidas, Biskop van Athene.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Theodorus, die Presbiter, en Pausolipius.

Deur hul heilige gebede, o Christus God, ontferm U oor ons. Amen.

Die res van die Mettediens en die Wegsending.

**Menaion April 16 Die Heilige Martelaresse Agápi, Irene en Chionia.**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Toon 1 (Πανεύψημοι Μάρτυρες)

O jong maagde wat na die deugde vernoem is
en ook in die deugde opgevoed is,
julle het flink die grootste mate van vroomheid bereik
en nou het julle julle na die hemel gehaas
waar jul tot Christus bid
dat ons siele vrede en groot barmhartigheid geskenk mag word.

O jong maagde, julle het op voordelige wyse
ons oermoeder Eva se begeerte na vergoddeliking verwerf,
en is deur onophoudelike gebed tot God vergoddelik
en met Goddelike aanskoue vervul.
Bid ook nou dat ons siele vrede en groot barmhartigheid geskenk mag word.

Daar hulle met ’n edel gesindheid Christus omhels het,
het die edelmoedige vroue die magtige vertrap
wat van ouds Eva met lis verlei het,
en daar hulle hom op kragtige wyse oorwin het,
bid hulle tot Christus
dat ons siele vrede en groot barmhartigheid geskenk mag word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

Genees, o Albesongene,
my siel wat vanweë allerbose hartstogte vreeslik siek is,
u wat Christus, die geneser en Verlosser van almal, gebaar het,
Hy wat alle krankhede genees,
die kwaadwillige duiwel verwond
en ons van die dood bevry het.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 1 (Πανεύφημοι Μάρτυρες)

Toe die Maagd u onregverdige doding sien, o Christus,
het sy in bitter smart tot U uitgeroep:
“My liefste Kind, hoe ly U op so ’n onregverdige wyse?
Hoe hang U aan die Boom,
U wat die hele aarde bo die waters opgehang het?
Laat my, u Moeder en u diensmaagd nie alleen agter nie,
o Weldoener ryk aan barmhartigheid, bid ek U.”

## Apolitikion - Toon 5

Daar U ons die wonders van u heilige Martelare
as onoorwinlike vesting geskenk het, o Christus ons God,
verstrooi deur hul smekinge die planne van die heidene
en bevestig die septer van u koninkryk,
daar U alleen goed en mensliewend is.

**April 16 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Ná julle op ’n wyse wat by God pas, met die Here getroud is,
het julle jul bloed en doding as bruidskat aan Hom opgedra,
o seëvierende jong vroue,
en tereg die bruidsvertrek van God bekom,
sonder ophou vervul met onuitspreeklike verligting.
Daarom vier ons in die gees jul heilige en eerwaardige gedagtenis,
verheerlik ons die Verlosser en roep ons met geloof uit:
Bid tot Christus ons God
dat Hy vergewing van oortredinge sal skenk
aan hulle wat jul heilige gedagtenis met liefde vier.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion - Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Toe u die Wysheid en Woord in u skoot ontvang,
sonder om verbrand te word, o Moeder van God,
het u Hom wat die wêreld vashou, vir die wêreld gebaar,
en Hom in u arms gehou wat alles byeenhou,
die voeder van almal en formeerder van die Skepping.
Daarom smeek ek u, Alheilige Maagd,
wanneer ek in die oordeels-uur voor die aangesig van my Skepper gaan staan,
skenk my dan in u mensliewendheid u spoedige hulp,
want ek, u onwaardige dienaar, het u as my hoop.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 8 (Τὴν Σοφίαν καὶ Λόγον)

Toe die Ooilam die Lam, Herder en Verlosser aan die Kruis sien,
het sy met trane gekreun en bitterlik uitgeroep:
“Die wêreld verheug hom omdat dit verlossing ontvang,
maar my binneste brand omdat ek u kruisiging aanskou,
wat U vanweë u innige medelye verduur,
o God wat alle goedheid te bowe gaan, lankmoedige Heer.”
Laat ons met geloof tot haar uitroep:
Betoon ons medelye, o Maagd,
en skenk vergewing van oortredinge
aan hulle wat sy lyding met geloof vereer.

Sinaksarion

Op die 16de van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Martelaresse Agápi, Irene en Chionia.

Verse. Die vuur was straks vir Chionia soos vuur,
waaraan ook Agápi met liefde deelgeneem het.
’n Pyl, dronk van jou bloed, Irene, stuur jou na ’n plek van vrede.

Op die 16de het hulle Chionia en Agápi verbrand.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die heilige Biskop Felix, Januarius die presbiter asook Fortunatus en Septimus.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Leonidas, Charissa, Niki, Galina, Kallis, Nounechia, Basilissa en Theodora.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelares Irene.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Nuwemartelaar Michael, van Bourla, wat in 1772 in Smirna as martelaar getuienis afgelê het en deur die swaard vervolmaak is.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus God, ontferm U oor ons.

**Menaion April 17 Die Heilige Hiëromartelaar Simeon van Persië en sy metgeselle.**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Hiëromartelaar – Toon 4 (῎Εδωκας σημείωσιν)

Jou heilige gedagtenis het vandag soos die son gestraal,
die heiliges glansend gemaak,
die skepping met heilige ligtekens verlig, o alsalige Simeon,
en die newel van die hartstogte en duisternis van die demone verdryf.
Daarom noem ons jou salig
en eer ons jou jaarliks as wêreldwye ligbaken
en baie vurige voorbidder.

Wyslik het jy die hemelse in ruil vir wat op aarde is, bekom,
die blywende vir die vlietende,
die onverganklike vir die verganklike heerlikheid,
en het jy met vreugde ’n menigte folteringe en mishandelinge verruil
vir die paleise van God wat spraak te bowe gaan .
Terwyl jy jou saam met jou medestryders daarin verheug, o glorieryke,
smeek ten behoewe van almal wat jou getrou loof.

Deur die pyl van jou woorde, o Martelaar Simeon,
het jy die geledere van die ongeregtiges verwond.
Daarom het die wolke van die hemele hul stem laat hoor
en het die Engelekore ook die hande geklap
oor jou standvastigheid tydens jou worstelinge.
Daarom vier ons almal jubelend en met geloof jou heilige ontslaping,
terwyl ons die Heiland verheerlik.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion - Toon 4 (῎Εδωκας σημείωσιν)

Ek smeek u, Veelbesongene,
allerreine paleis van die Koning,
reinig my denke wat met alle sondes bevlek is,
en maak my ’n aangename woonplek vir die hoog-goddelike Drie-eenheid;
sodat ek, u nuttelose dienaar, gered mag word
en u bemiddeling en onmeetlike barmhartigheid groot mag maak.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 4 (῎Εδωκας σημείωσιν)

Toe die Alreine Christus die Mensliewende gekruisig
en deur ’n spies in die sy deurboor, sien,
het sy Hom wat uit haar skoot voortgekom het, besing.

En met verwondering oor sy lankmoedigheid het sy uitgeroep:
“My allergeliefde Kind, vergeet u dienares nie,
moet my mismoedigheid nie uitrek nie, o Mensliewende.”

Apolitikion van die Hiëromartelaar - Toon 4 (Ο υψωθείς εν τώ Σταυρώ)

As verkondiger van die dogmas wat deur God geïnspireer is,
het jy die geslote geledere van martelare
deur woord en daad vir hul heilige stryd gesalf.
Jy het ook saam met hulle gestry, o Hiërarg Simeon,
jou na Christus gehaas en saam met hulle uitgeroep:
Kyk ons is uit liefde vir U as skape ter slagting gereken, o Heiland.

**April 17 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 1 (Tòν τάφον σου Σωτὴρ)

Soos die son het jou heilige gedagtenis
en dié van jou mede-martelare
oor ons opgegaan, o wyse Hiërarg Simeon,
en het dit die gelowiges verlig.
Terwyl ons dit vandag vier, roep ons uit:
Pleit vir ons by die enig Mensliewende, o Oorwinnaars.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 1 (Tòν τάφον σου Σωτὴρ)

Maria, heilige vat van die Meester,
laat ons opstaan wat in die afgrond van afgryslike wanhoop,
oortredinge en beproewinge verval het,
en bring ons op uit die afgrond van onverskilligheid
om u, die enigste hoop van u dienaars, te verheerlik,
o al-barmhartige.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 1 (Tòν τάφον σου Σωτὴρ)

Toe die onbevlekte Ooilam
die Lam dood aan die Kruis uitgestrek sien,
het sy uitgeroep:
“O my Seun, beginloos saam met die Vader en die Gees,
wat is hierdie onsegbare heilsbestel van U?
Daardeur het U die wysgeskape werk van u onbevlekte hande gered.”

Sinaksarion

Op die 17de van vandeesmaand die Gedagtenis aan die Heilige Hiëromartelaar Simeon, Biskop van Persië, en sy metgeselle, Audellas die Presbiter, Gothazat, Fusik en nog eenduisend eenhonderd-en-vyftig ander.

Verse. Ek ken jou as groot biskop, Simeon,
en as gevolg van die swaard as baie groot stryder.

Audellas het in die aaklige mond van ’n beer neergedaal,
en so die mond van die Satan, die onversadigbare bloedsuier, ontvlug.

Toe hy beveel is om te offer of te sterf,
het Gothazat verkies om te sterf en is hy deur die swaard onthoof.

Die vel van Fusik is afgestroop, word my vertel,
’n kleed geweef op die weefstoel van Satan.

Hulle het drie vyftigtalle manne onthoof,
wat die drie-persoonlike wese aanbid.

Sou jy sien hoe ’n duisend Persiërs onder die swaard val,
sou jy van ’n wolk van Getuies praat, o Paulus.

Op die 17de is Simeon onthoof.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Adrianus die Jongere.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Vader onder Heiliges Agapetus, Pous van Rome.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus ons God, ontferm U oor ons. Amen.

**Menaion April 18 Ons Heilige Vader Johannes, dissipel van die Heilige Gregorius die Dekapoliet**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Heilige Johannes - Toon 6 (Ὅλην ἀποθέμενοι)

Deur die vrees van God beheer, o Heilige Vader,
het jy die aanvalle van die liggaam
en die bitter tirannie van die hartstogte afgeweer
en God verbly deur jou hart te tooi met die skoonheid van die deugde
en nou woon jy, ná jy rus gevind het wat by jou liefde pas,
daar waar die rangordes van die Heiliges hul bevind.
Hou nie op om daar aan ons te dink
wat met geloof jou gedagtenis vier nie, o Heilige Johannes.

Met ’n vasberade hart het jy na God gesoek,
op wieke van heilige nadenke, o deur-God-geïnspireerde,
in jou neiginge altyd volkome op Hom ingestel,
en daarvoor het jy hom gehad
wat jou deur roeping en dade voorberei en aangemoedig het,
naamlik Gregorius wat in wonders en wondertekens gestraal het.
Verlig deur sy ligbakens het jy, o salige,
ongeskonde die golwe waaraan hierdie ellendige liggaam blootgestel is, getrotseer.

Daar jy nie die sorge van die lewe gehad het nie, o Heilige,
en deur die meer voortreflike werke getooi is,
het jy ’n heilige lewe gelei.
Maar daar jy die onstoflike vuur in jou hart gedra het,
het jy in stilte volhard,
deurnag gestaan en was jy op nagwake ingestel,
en is jy deeglik gereinig en in jou optrede gelykvormig aan God bewys.
Daarom het jy ná jou arbeid die pynlose genot ontvang,
terwyl jy om Goddelike vreugde vra vir hulle wat jou eer.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 6 (Ὅλην ἀποθέμενοι)

O onbevlekte, smettelose, Alheilige Moeder van God,
immermaagdelike Jonkvrou, Theotokos en Meesteres,
hoe sal ek wat in my siel en verstand besoedel is,
u, die woning van God, besing?
Hoe sou ek die omvang van u wonders kon verhaal,
die genade en barmhartigheid wat u altyd op my uitstort?
Daarom val ek met bewing voor u neer
en roep u met eerbied die “Verheug u” toe:
Verheug u, vertroosting van die gelowiges wat u aanroep.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 6 (Ὅλην ἀποθέμενοι)

Toe die reine en onskuldige die vrywillige lyding aanskou
van Hom wat vry van die hartstogte is,
het sy moederlik gejammer en uitgeroep:
“O die vreeswekkende gesig!
Hoe word Hy wat alles, sigbaar en onsigbaar, geskep het,
die Here van die heerlikheid en voortydelike Koning,
nou onregverdig veroordeel en onder boosdoeners getel?
O berge en bosryke dale, drup vir my ’n bitter traan
en bekla my wat alleen agtergelaat is,
hoewel ek die Skepper gebaar het.”

Apolitikion van die Heilige Johannes – Toon 8 (Ἐν σοὶ Πάτερ ἀκριβῶς)

In jou, o Vader, is die beeld van God waarlik bewaar,
want jy het die Kruis opgeneem en Christus gevolg.
So het jy ons geleer om die verganklike vlees te veronagsaam,
maar om te sorg vir die siel, wat onsterflik is.
Daarom, o Regverdige Vader Johannes,
is jou gees verheug saam met die Engele.

**April 18 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Deur jou vele asketiese en baie gebede, o Vader,
het jy die bose lokvalle van die demone begrawe
en toe jy dood in die graf gelê het,
het jy onverganklik gebly.
Daarom vier ons met vreugde jou alheilige gedagtenis
en verheerlik ons Christus met blydskap van hart.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Die menigte gelowiges verbly hulle, o Theotokos,
wanneer hul daagliks u naam aanroep
en altyd met liefde u hoë lof verheerlik.
Want u is die roem, hulp en onbeskaamde beskermster
van almal wat u getrou vereer, o Maagd.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 1 (Τὸν τάφον σου Σωτὴρ)

Toe die onbevlekte Ooilam
die Lam dood aan die Kruis uitgestrek sien,
het sy uitgeroep:
“O my Seun, beginloos saam met die Vader en die Gees,
wat is hierdie onsegbare heilsbestel van U?
Daardeur het U die wysgeskape werk van u onbevlekte hande gered.”

Sinaksarion

Op die 18de van vandeesmaand die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Johannes, dissipel van die Heilige Gregorius die Dekapoliet.

Verse. O Johannes, spring op van vreugde soos Johannes,
nie in die moederskoot nie, maar in Eden.

Op die 18de het dit geblyk dat Johannes dood was.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Sawwas die Gotiese Soldaat.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Vader onder die Heiliges, Kosmas, Biskop van Chalcedon.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Moeder Athanasia die Wonderdoener.

Deur die gebede van u Heilige, o Christus ons God, ontferm U oor ons. Amen.

**Menaion April 19 Die Heilige Hiëromartelaar Pafnutios**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere van die Hiëromartelaar Toon 1 (Τῶν οὐρανίων ταγμάτων)

Deur jou geduld, o Oorwinnaar van die Heer,
het jy die vestings van goddeloosheid vernietig,
en die oorwinning uit die hemel ontvang, o wyse.
Hou daarom nie op om te bid vir hulle wat met geloof
jou heilige en eerwaardige stryd vereer nie.

Ons vier getrou jou heilige worstelinge,
die moeite van jou stryd, drie maal-salige Pafnutios,
wat jy met vreugde ter wille van Christus,
wat die Kruis verduur het, volvoer het,
en met groot vreugde vier ons met liedere jou heilige gedagtenis.

Jou reliekekis, Hiëromartelaar van Christus,
laat soos ’n rivier strome van genesing vloei
en dit bevogtig telkens die harte van al die reggelowiges, Pafnutios,
wat dit nader en jou worstelinge besing.

Eer aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid.
Amen.

Theotokion - Toon 1 (Τῶν οὐρανίων ταγμάτων)

Vreugde van die hemelse skaar
sterke beskermster van mense op aarde,
vlekkelose Maagd,
red ons wat ons toevlug neem tot u,
want ná God
het ons ons hoop gestel op u.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 1 (Τῶν οὐρανίων ταγμάτων)

Toe die onskuldige Maagd wat nie ervaring van die huwelik het nie,
die Meester, Skepper van Formeerder van die mensdom aan die Kruis sien,
het sy bitterlik uitgeroep, geweekla en gekreun:
“Wat is dit wat ek sien, my allerdierbare Kind?
Ek besing u lankmoedigheid.”

Apolitikion van die Hiëromartelaar - Toon 4 (Καί τρόπων μέτοχος)

Jy het die Apostels se lewenswyse deelagtig geword
en ’n opvolger van hulle trone, o God-geïnspireerde;
jy het die manier van doen gevind

wat toegang gee tot die hoogtes van kontemplasie.
Daarom sny jy die woord van die waarheid reg aan,
en het jy in die geloof die stryd ten bloede gestry.
O Hiëromartelaar Pafnutios,
bid tot Christus ons God
dat ons siele gered mag word.

**April 19 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 1 (Ταχὺ προκατάλαβε)

Daar jy jou heilige kledy met bloed rooi gekleur het,
het jy jou as welbehaaglike offer aan God toegebring,
o glorieryke Pafnutios,
die kragtelose vermetelheid van die demone verbreek
en die Engele verbly deur jou standvastige weerstand.
Hou daarom nie op om te smeek dat ons gered mag word nie.

Eer aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion Toon 1 (Ταχὺ προκατάλαβε)

Verhoor u dienaar, o Meesteres,
wat uit ’n gepynigde siel roep,
en skenk vergewing van my baie booshede.
Want ek roep u dag en nag aan:
Red my van die vuur van die hel
en plaas my aan die regterhand van u Seun en God.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ταχὺ προκατάλαβε)

O geseënde, al-onskuldige Maagd,
Moeder van Christus ons God,
’n swaard het u alheilige siel deurboor,
toe u u Seun en God sien waar Hy uit vrye wil gekruisig word.
Hou nie op om Hom te smeek
dat Hy ons vergewing van oortredinge sal skenk nie.

Sinaksarion

Op die 19de dag van vandeesmaand, die Gedagtenis van die Heilige Hiëromartelaar Pafnutios.

Verse. Wat betref Pafnutios wat in ’n graf in die aarde verberg is,
dit is onredelik om hom in ’n graf van swye te verberg.

Op die 19de het hulle Pafnutios hiervandaan weggeneem.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelaar Theodorus van Perga in Pamfilië.

Op dieselfde dag die Heilige Martelares Filippa, die moeder van die Heilige Theodorus, wat deur die swaard vervolmaak is.

Op dieselfde dag is die Heilige Sokrates en Dionysius vervolmaak, nadat hulle met ’n lans verwond is.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Vader Joris, biskop van Pisidia, die Belyer.

Op dieselfde dag, die Gedagtenis aan ons Vader onder die Heiliges Trifon, aartsbiskop van Konstantinopel. Sy sinaksis word in die Groot Kerk gevier.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige glorieryke Martelaar Agathangelos van Esfigmenou.

Op dieselfde dag is die Heilige Simeon, ab van die Heilige Klooster Philotheou op Athos, wat ’n enkele kleed gedra het en kaalvoet geloop het, en ook die stigter van die Heilige Klooster van die Heilige Drie-eenheid is, in vrede vervolmaak.

Deur die gebede van u Heiliges, Christus God, ontferm U oor ons.

**Menaion April 20 Ons Heilige Vader Theodorus Trichinas (oftewel: van die boetekleed van hare)**

**Die Veranderlike vir die Vesperdiens**

Stigiere vir die Heilige – Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

O Heilige Vader Theodorus, uitverkore gawe van God,
jy het jou as gawe opgedra,
ná jy slapelose nagwake en liefde verwerf het,
oorpeinsing van die Goddelike, uiterste nederigheid,
hoop, geloof en reinheid,
uiterste medelye, ware selfbeheersing en gebed
wat jou 'n glansende suil gemaak het.

O Godgesinde Vader Theodorus,
daar jy met 'n reggelowige gesindheid daarna gestreef het
om met ware ingetoënheid en 'n verlossende kleed beklee te word,
het jy nooit nagelaat om jou vlees met 'n verslete kleed van hare te bedek nie,
en het jy, bemagtig met die krag van die Goddelike Gees,
hóm wat ons nakend gemaak het, van sy middele gestroop.

Jy het jou, as arme van gees, o al-salige,
as lewende offer, eerwaardige heeloffer en kosbare gawe
toegebring aan ons God wat uit 'n al-onskuldige Moeder vlees aangeneem
en om ons ontwil arm geword het.
Daarom het jy ook die genot van die hemele ontvang.
Bid altyd tot God, vra ons jou, dat Hy Hom oor ons mag ontferm.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

Met watter oë moet ek u heilige aangesig aanskou,
ek wat die oë van my vlees deur die hartstogte besoedel het?
Of weer, hoe moet ek, ellendige wat onheilige lippe het,
u ikoon wat die Goddelike uitdruk, kus?
En hoe moet ek, die skuldbelade,
my hande wat ek onbruikbaar gemaak het,
na u Goddelike genade uitstrek?
O Meesteres, red my.

Of die Kruistheotokion (op Dinsdag- en Donderdagaande)

Toon 8 (Ὢ τοῦ παραδόξου θαύματος)

O Jesus, die son het gesidder
toe dit U uit vrye wil aan die Kruis uitgestrek sien,
die aarde het geskud, die rotse het geskeur,

die grafte het in vrees oopgegaan, al die magte was verbaas,
en sy wat U sonder ervaring van ’n man gebaar het,
het, toe sy U aanskou, met geweeklaag uitgeroep:
“Wee my, wat is die gesig?”

Apolitikion – Toon 8 (Ἐν σοὶ Πάτερ ἀκριβῶς)

In jou, o Vader, is die beeld van God waarlik bewaar,
want jy het die Kruis opgeneem en Christus gevolg.
So het jy ons geleer om die verganklike vlees te veronagsaam,
maar om te sorg vir die siel, wat onsterflik is.
Daarom, o heilige Theodorus,
is jou gees verheug saam met die Engele.

**April 20 - Die Veranderlike vir die Mettediens**

Kathisma ná die Derde Ode van die Kanon (wat nog vertaal moet word)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Daar jy as reine deur intense gebed en kuisheid
tot die Reine genader het,
is jy deur die Gees geheilig, o Theodorus.
Daarom, waar jy nou saam met die Engele woon,
sing jy die driemaal-heilige loflied tot die Meester van almal.
Smeek Hom altyd, o Heilige, om Hom te ontferm
oor hulle wat jou met liefde besing.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Theotokion – Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Laat ons ons reikhalsend na die Theotokos haas,
en as nederige sondaars met bekering neerval
terwyl ons uit die diepte van ons siele uitroep:
Kom ons te hulp, betoon medelye aan ons, o Meesteres.
Maak gou, want ons vergaan deur ons menigte foute.
Stuur nie u dienaars verleë weg nie,
want ons het u as ons enigste hoop verkry.

Of die Kruistheotokion (op Woensdag- en Vrydagoggende)

Toon 4 (Ὁ ὑψωθεὶς)

Toe sy wat U in die laaste dae in die vlees gebaar het,
U wat uit die beginlose Vader gebore is,
aan die Kruis sien hang, o Christus,
het sy uitgeroep: "Wee my! Allergeliefde Kind!
Hoe het die Hebreër-volk U vergeld?
Maar staan op en red as enig Mensliewende
hulle wat in U geglo het."

Sinaksarion

Op die 20ste van vandeesmaand die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Theodorus van die Boetekleed van hare.

Verse. Jy sterf, o Vader, wat met 'n boetekleed van hare hóm verwond het
wat ons aartsouers met klere van blare beklee het.

Op die 20ste het jou manmoedige gees, Theodorus, jou beendere verlaat.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Martelare Viktor, Zotikus, Zinon, Akindynus, Caesarius, Severianus, Christoforus, Theonas en Antoninus.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan ons Heilige Vader Johannes van die Ou Lavra.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Hieromartelaar Anastasius van Antiochië.

Op dieselfde dag die Gedagtenis aan die Heilige Apostel Saggéüs.

Op dieselfde dag is die Heilige Athanasius wat die klooster van Meteora in Thessalië in die jaar 1310 gestig het, en wat van Neopatras afkomstig is, in vrede vervolmaak.

Die Heilige Joasaf wat saam met Athanasius van die Meteora askese beoefen het en in vrede vervolmaak is.

Deur die gebede van u Heiliges, o Christus God, ontferm U oor ons.